LAERSKOOL ELARDUSPARK
Waar leerders toegerus word
Albertonstraat 548, Elarduspark, Pretoria
Posbus 918, Wingatepark, 0153
Tel: (012) 345 1031
Faks: (012) 345 4819
Epos: info@lardies.co.za
Webwerf: www.lardies.co.za

26 Augustus 2020

Geagte Gr. 2 Ouers

Aangesien ons in hierdie Covid-19 jaar geen Interne Redenaars gehad het nie, het ons besluit om tog ons leerders blootstelling te gee aan informele redenaars.
Elke leerder in Gr. 2 gaan ‘n toespraak moet voorberei en lewer in hul eie klasse voor hul klasmaats.

Die riglyne vir die toespraak is as volg

- Dit moet ‘n informatiewe toespraak wees. m.a.w. dit moet ‘n toespraak wees wat feite oordra.
- Dit moet op die leerders se vlak wees en verkieslik oor ‘n tema waarin die leerder belangstel.
- Daar mag ‘n plakkaat of hulpmiddel gebruik word.
- Daar moet kaartjies wees met die nodige notas op, om die leerder te help. (Nie groter as 10x15cm nie)
- Die toespraak mag nie langer as 2 minute wees nie, maar ook nie korter as 1 minuut nie.
- Die toespraak moet aan die volgende vereistes voldoen, nl. ‘n Inleiding, 3 feite en ‘n slot wat al die feite saambind as ‘n eenheid.
- Die leerders gaan die toespraak teen die einde van September/begin Oktober moet lewer, wat hulle ongeveer een maand tyd gee om voor te berei.
- Alle leerders moet asb. voorbereid wees en hul toespraak ken, want hulle gaan dit voor hul maats lewer. (Nie aflees van kaartjies af nie)
- Die toesprake gaan ook gebruik word as ‘n sifting vir moontlike Redenaars deelname in 2021.
- Dit is **nie** ‘n kompetisie nie en daar gaan geen wenner aangewys word nie.

Temas: (Die temas handel oor die klastemas waaroor ons die afgelope jaar gesels)

- Wilde diere
- Plaas diere
- Varswater diere
- Seediere
- My troeteldier
- My land
- Enige ander land bv. Holland

LAERSKOOL ELARDUSPARK
Waar leerders toegerus word
Albertonstraat 548, Elarduspark, Pretoria
Posbus 918, Wingatepark, 0153
Tel: (012) 345 1031
Faks: (012) 345 4819
Epos: info@lardies.co.za
Webwerf: www.lardies.co.za

Bespreek asb. die temas met u kind en help hom/haar om die toespraak voor te berei. ‘n Leerder wat voorbereid is, het baie meer selfvertroue en geniet die toespraak.

Vriendelike Redenaar groete

ME M ERASMUS
GRAADHOOF

MNR T HUMAN
SKOOLHOOF